LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 35/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Twee Houtkappers

Wanneer ons kyk na leiers in die Bybel is Moses seker een van die sterkste leiers. Hy is ook die skrywer van Psalm 90 in die vorm van 'n gebed. Hy skryf, ons lewe maar sewentig jaar, miskien tagtig as ons sterk is. Met hierdie in gedagte vra hy die Here om ons te leer om ons dae so te gebruik om wysheid te bekom. Hy sê: “Here ons dae is eintlik so min, leer ons om dit reg te gebruik, skenk aan ons wysheid. Hy sluit af met vers 17 – “Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand.” In die groter prentjie moet ons besef ons dae is eintlik min. Ons verspil soms dae aan onnodige dinge. Laat ons in die gewoonte kom om elke dag te bid, Here leer my vandag om wysheid te bekom, rig my gedagtes en oë daar waar u wil hê ek moet fokus. Mag ek dit wat ek doen vandag met wysheid aanpak sodat ander u in my kan sien.

## Goegieland

Hierdie splinternuwe kwartaal is verseker vol opwinding en leer! Ons sien uit na 'n besige, maar wonderlike laaste deel van die jaar saam met al ons vrolike Goegies!

**<u>3 November 2025 - Graad R Gradeplegtigheid</u>**

Tyd: 17:30 vir 18:00
Plek: Laerskool Goedehoop Skoolsaal
Koste: R50 per persoon (Sluit 'n ligte ete en drinkgoed in, wat na afloop van die Gradeplegtigheid sal plaasvind. Alle Graad 0 Goegielandkleuters is gratis!)
Drag: Semi-formeel (soos vir kerk)
Kleuters: Netjies en skoon geklee met skoene aan.
Foto's: Fotograaf beskikbaar vir gesinsfoto's in die voorportaal.
RSVP: Teen Donderdag, 30 Oktober 2025 (18:00) op die Karri-App.

**<u>31 Oktober 2025 - Safari-dag</u>**

Maats kan soos 'n wildbewaarder of enige wilde dier aantrek. Kom ons maak dit 'n pretvolle dag vol avontuur in die “Goegie-wildernis”!

**<u>21 November 2025 - Kleuterskool Kersfees</u>**

Volledige besonderhede volg op die klasgroepe. Stuur asseblief 'n klein geskenkie ter waarde van ongeveer R100 teen 18 November skooltoe.

**<u>Herinnering vir kwartaalvoorrade</u>**

Ons vra vriendelik dat ouers asseblief weer wet wipes, tissues en spuitseep vir die nuwe kwartaal stuur.Baie dankie vir julle samewerking!

**<u>Deurlopende assessering</u>**

Daar is nog net vyf weke van assessering oor.
Probeer asseblief dat kleuters nie onnodig afwesig is nie, aangesien dit 'n belangrike tyd is vir hul voorbereiding en ontwikkeling.

Dankie vir 'n wonderlike begin in hierdie 4de kwartaal van 2025! Ons waardeer elke ouer se betrokkenheid, ondersteuning en liefde vir ons Goegies.
Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 27 Oktober 2025

- Gholfliga te Walker Park

### 28 Oktober 2025

- Begrotingsvergadering
- Interne Redenaars

### 30 Oktober 2025

- OppiKnoppi
- Gholf Hoëveldgroep

### 31 Oktober 2025

- Rugby o/8 te LS Selection Park
- Leier Koekverkoping

### 1 November 2025

- Warrior Princesses
- Atletiek Top 20 te LS Taalfees
- Rugby o/8 te LS Selection Park



## Begrotingsvergadering

### 28 Oktober 2025

### 4 November 2025 (Alternatief)


## Drama

Die volgende leerders het 20 tot 22 Oktober 2025 aan die Nasionale Artistate Finaal deelgeneem en het die volgende plekke behaal:


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Graad 0** | | | |
| Evalt Vermaas: | Gedramatiseerde Poësie | - | 2de |
| | Voordrag | - | 1ste |
| | Gedramatiseerde Groepgedig | - | 1ste |
| Zetcke Soule: | Gedramatiseerde Poësie | - | 3de |
| | Gedramatiseerde Groepgedig | - | 1ste |
| Steyn van Onselen: | Gedramatiseerde Poësie | - | 1ste |
| | Gedramatiseerde Groepgedig | - | 1ste |
| Donné Pretorius | Gedramatiseerde Groepgedig | - | 1ste |
| **Graad 1** | | | |
| Leah Nieuwoudt: | Gedramatiseerde Poësie | - | 2de |
| | Voordrag | - | 2de |
| Leia Zwarts: | Mimiek | - | 1ste |
| | Samespraak | - | 1ste |
| **Graad 2** | | | |
| Luka Breytenbach: | Dramatized Poetry | - | 3de |
| | Monoloog | - | 2de |
| **Graad 3** | | | |
| Miané Smit: | Voordrag | - | 1ste |
| | Gedramatiseerde Poësie | - | 1ste |
| | Dramatized Poetry | - | 1ste |
| | Monoloog | - | 1ste |
| **Graad 5** | | | |
| Linay Hartzer: | Dramatized Poetry | - | 1ste |
| | Mimiek | - | 2de |
| Kaitlyn Shackleford: | Dramatized Poetry | - | 3de |
| | Poetry | - | 2de |
| Melandie Faber: | Dramatized Poetry | - | 2de |
| | Monoloog | - | 2de |
| | Monologue | - | 1ste |
| | Mimiek | - | 1ste |
| **Graad 6** | | | |
| Leané Luddick: | Dramatised Prose | - | 2de |
| | Mimiek | - | 1ste |
| **Graad 7** | | | |
| Karlienke Norman: | Gedramatiseerde Prosa | - | 3de |
| | Mimiek | - | 3de |
| Milan Zwarts: | Gedramatiseerde Prosa | - | 2de |
| | Monoloog | - | 3de |
| | Mimiek | - | 1ste |

































| 27 Okt | 28 Okt | 29 Okt | 30 Okt | 31 Okt | 1 Nov | 2 Nov |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Anzel Botha<br>Katy Kleynhans | | Larochelle Schäde | Livan vd Linde<br>Sebastian le Roux<br>Simone vd Merwe<br>Nellis Mostert | Leah Ackerman<br>Milan Zwarts<br>Hayley Zötter | Lianza Bisschoff<br>Hailey Herbst | Lohan Claassen<br>Mynhardt Strydom<br>JJ Emmenis |

# Leier Koekverkoping

Wanneer: Vrydag, 31 Oktober Die leiers span hul bakspiere in! Bring 'n geldjie en kom ondersteun hulle. Wat is nou lekkerder as 'n stukkie koek? Sien jou daar!

# Gholf

Baie geluk aan ons gholfspan wat gekroon is as Hoëveldgroep-wenners in die IPS- en Zero-afdelings.
Mikayla Smit
Mieke Bam
Sebastian Stratford
Jaydee Pruis













# Krieket MPU Semi-Finaal

Op Maandag, 20 Oktober 2025 het Laerskool Goedehoop kragte gemeet teen Nelspruit Primary in die Mpumalanga Semi-Finaal hier op tuisgrond. Nelspruit Primary behaal 100 lopies vir 9 paaltjies in 25 beurte. Goedehoop behaal 101 lopies vir 4 paaltjies in 16.5 beurte. Daantjie Lesch slaan 52 van 42 balle en Goedehoop wen met 6 paaltjies.



# Krieket MPU-spanne

Baie geluk aan die volgende krieketspelers wat opgeneem is in die Mpumalanga Krieketspanne vir die betrokke spanne:

**<u>o/12 Mpumalanga Hoëveldspan</u>**
Daantjie Lesch
Jayden van Aswegen

**<u>o/13A Krieketspan</u>**
Derick Botes










# Rugby o/8

Ons o/8-rugbymanne het die afgelope week aan wedstryde by LS Goudrand deelgeneem. Dit was strawwe kompetisie, maar ons seuns het hard gewerk en baie goeie vordering getoon. Dankie vir Mnr. Pieter en Mnr. Abrie vir julle toewyding en elke ouer en seun wat daar was om te ondersteun.

# Artistatue Dans

Baie geluk aan Mikayla Smit wat 'n algehele 3de plek in die juniorafdeling behaal het tydens Artistatue Finaal wat plaasgevind het op Maandag, 20 Oktober 2025.







# Warrior Princesses 1 November 2025

Ons is baie opgewonde oor die Warrior Princesses wat plaasvind op Saterdag, 1 November 2025 by Lake Umuzi Kamp Oase. Gemengde spanne word toegelaat, so skryf vir boet en sus beide in! Registrasie sluit 28 Oktober 2025.

**Lekker sakpas pryse!**
1 tot 4 deelnemers = R250/deelnemer
5 tot 9 deelnemers = R225/deelnemer
10+ deelnemers = R200/deelnemer

Die Skakel

Warrior Princesses & Friends

# Netbal o/9- tot o/12-dogters 2025

Ons nooi graag alle dogters wat nie by atletiek betrokke is nie, om saam met ons te kom oefen. Kry jou tekkies gereed, vul jou waterbottel met koue water en bring ’n hoed en/of sonroom. Ons sien julle Maandae en Woensdae van 15:00 tot 16:00 op die veelsydige baan.

# Dans ITP

Baie geluk aan ons dansers wat tydens die IPT’s op Saterdag, 18 Oktober 2025 uitstekend gevaar het!

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Graad 2** | | | | | |
| Janille Kgwadi | - | Performing Arts | - | 5de |
| | - | Rhythm & Movement | - | 3de |
| Handré Carstens | - | Performing Arts | - | 1ste |
| | - | Rhythm & Movement | - | 4de |
| | - | Street | - | 5de |
| **Graad 3** | | | | |
| Aiden Steyn | - | Street | - | 2de |
| | - | Latin | - | 3de |
| | - | Performing Arts | - | 3de |
| | - | Rhythm & Movement | - | 5de |
| **Graad 4** | | | | |
| Janeke du Plessis | - | Latin | - | 2de |
| | - | Ballroom | - | 6de |
| **Graad 5** | | | | |
| Kaitlyn Shackleford | - | Ballroom | - | 6de |
| Luan Vosloo | - | Performing Arts | - | 6de |
| Zoe-Jane Steyn | - | Rhythm & Movement | - | 5de |
| Melandie Faber | - | Rhythm & Movement | - | 2de |
| | - | Ballroom | - | 2de |
| | - | Latin | - | 3de |
| | - | Performing Arts | - | 4de |
| **Graad 6** | | | | |
| Mikayla Smit | - | Ballroom | - | 1ste |
| Waldt van Niekerk | - | Ballroom | - | 2de |
| Leané Luddick | - | Ballroom | - | 4de |
| Chantey du Plessis | - | Ballroom | - | 5de |
| Larochelle Schäde | - | Ballroom | - | 5de |
| | - | Performing Arts | - | 5de |
| | - | Latin | - | 5de |




LAERSKOOL GOEDEHOOP

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal







Laai hier die KARRI-TOEP af

PLAY STORE | APPLE STORE